Goeie Nuus
Good News
NOU REEDS 25 JAAR OUD!
GRATIS
September 2023
AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION
Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant - Good News Newspaper

# EK WIL KOM STIL WORD HIER AAN U VOETE

**Ek wil kom stil word hier aan U voete
Ek wil kom hoor wat U vir my sê!
Ek wil kom oopmaak vir U Gees, Heer
As ek my vrae voor U kom lê!
Want soveel mense sterf sonder Jesus
soveel mislei na die ewige dood,
daar's soveel oorvloed, selfsug en rykdom
wyl ander ly in hongersnood!**

**Ek wil kom vra Heer, wat van die kinders,
wat nood en lyding glad nie verstaan?
Wat van die mense wat stukkend en seer is?
Wat van die een wat eensaam vergaan?
As ek dan vra Heer, waar is U liefde?
Moet ek erken, dit lê nog by my!
Hier in my selfsug, stap ek gevoelloos,
by nood en seer van mense verby!**

**Maak my 'n beeld van Jesus se liefde,
om in die nood U hande te wees!
Ek gee myself aan U as offer,
onder beheer van die Heilige Gees!
Hier staan ek voor U, net soos Jesaja,
raak my nou aan met U Heilige Vuur!
Sodat ek oral U Liefde kan uitdra!
Hier is ek Heer, U kan my stuur!
- Annalise Wiid (F406)**



# VIND DIE DEUR EN KOM BY GOD UIT MET JOU NOOD

**Ons kniel in gebrokenheid voor God ons Skepper. Ons is stukkend. Neergeboë. Platgeslaan en verpletter vanweë die gebrokenheid van ons sonde. Binne-in ons smag ons na God se ingryping. Dan lees ons in Psalm 121:1-2 *"Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het."***

**Maar hoe kom ek by God uit? Hoe moet ek maak? Hoe moet ek bid? Ek lees Johannes 10:7, en ek hoor Jesus sê: *"Ek is die deur..."* Jesus sê ook vir die Joodse geleerde Nikodémus: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."* En Nikodémus het gewonder: wéér gebore? Maar hoe?**

**En ons wonder ook, want alles begin en eindig by Jesus Christus. Hy is immers, soos Hy vir Johannes in die Openbaringsboek sê: *"Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste..."* (Op. 1:11).**

**So moet ons in die eerste plek by Jesus uitkom. Dán sal Hy ons lei, ons hele lewe deur tot die einde toe. In hierdie proses is Hy dan besig met ons lewens, met elke krisis en probleem. So begin hierdie nuwe lewe by ons wedergeboorte waar ons Jesus as ons Saligmaker aanneem. En dit deur Sy genade alleen, en nie my eie verdienste nie. Soos die liederedigter skryf: "Wat ek is, is net genade; wat ek het is net geleen..."**

**"Wedergeboorte" word deur 'n Engelse vertaling beskryf as "born from above". Dit is uitsluitlik die werk van die Heilige Gees.**

**Johannes skryf só daaroor wanneer hy ons van Jesus vertel: *"Hy het na Sy eiendom gekom, en Sy eie mense (die Joodse volk) het Hom nie aangeneem nie. Maar almal (die mense oor die hele wêreld) wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is"* (Joh. 1:11-13).**

**Het jy Jesus al in jou hart ingenooi? Begin reg op jou nuwe lewenspad. Vra Hom om vergifnis, en neem Hom aan as jou persoonlike Saligmaker. Hiervandaan groei jy saam met die Heilige Gees tot volheid in Jesus Christus.**

**In my jongdae, as jong prediker, was ek saam met 'n jeuggroep op besoek by boere wat sendingwerk gedoen het. Daar was 'n saal opgerig vir sendingbyeenkomste op dié betrokke boer se plaas. Dikwels het werkers van die omgewing gekom om hierdie dienste by te woon. By hierdie betrokke geleentheid kon ons jeuggroep die byeenkoms bywoon en is ek genooi om as spreker op te tree. Die saal was uitgepak en almal was honger vir 'n boodskap. 'n Onvergeetlike geleentheid! Ek het nie vooraf geweet ek moes die spreker wees nie, en was dus ook nie voorbereid op 'n boodskap nie!**

**Toe ons op die verhoog sit, sê die boer vir my: "Jý moet maar die Evangelie bring!" En ek moes uit die vuis praat. My vertroue was absoluut op die Here gerig. Daar het ek geleer: die mens se verleentheid is God se geleentheid. Ek moes in Afrikaans preek en dan was daar 'n tolk wat sin vir sin die boodskap in die toehoorders se taal sou tolk.**

**Die kern van my boodskap het ek net daar van die Here gekry. En ek praat toe oor bogenoemde teks in Joh. 1:12-13. My boodskap het gekom as 'n metafoor, 'n beeldspraak wat hulle kon verstaan in hulle eie taal en agtergrond, soos Jesus ook tot die mense in Sy gelykenisse gespreek het.**

**Ek het vir hulle die boodskap soos volg voorgehou: Wie van julle is 30 jaar oud, 40 jaar? Gestel jy het 'n huis gekoop wat 30 of 40 jaar leeggestaan het. Wat gaan jy doen voor jy intrek? Jy gaan sekerlik eers skoonmaak! Wie wil nou in 'n vuil en vervalle huis woon?**

**Nou sê die Here se Woord ons liggame is die huis of woonplek van God (1 Kor. 6:19). En Jesus wil in Sy huis kom woon! Maar Hy staan buite die deur en Hy klop om in te kom. Hy sê: *"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My"* (Op. 3:20).**

**En Hy hou aan met klop, totdat jy oopmaak. Wat doen Hy dan? Hy maak jou huis skoon. Hy vergewe jou sonde en Hy kom woon in Sy huis. Sal jy vir Hom oopmaak?**

**En toe ek dit sê, voel ek soos Billy Graham wat by so 'n uitnodiging gesê het: "Hundreds are coming." Wat sien en beleef ek toe? Die hele gehoor, letterlik honderde, staan op vir gebed! Hulle ontvang Jesus soos 'n eregas in Sy tempel, Sy huis! Elkeen kon kom.**

**Sy Woord het mos gesê: *"Almal wat Hom aangeneem het..."* 'n Ander goeie vertaling lui: *"Almal wat Hom ontvang het..."***

**Jesus klop steeds aan behoeftiges se hart se deur om in te kom, en elkeen wat wil, kan en moet Hom ontvang! Dan word ons kind van God. In 1 Joh. 5:13 skryf Johannes: *"Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God."***

**Kom na Jesus toe net soos jy is en word 'n kind van God. Hierna groei ons na Sy volheid toe op ons lewenspad. Elke individu, maar ook die totale geloofsgemeenskap. Elkeen maak in gebed 'n algehele oorgawe aan Jesus Christus. Ons stort ons harte voor Hom uit en dan sal Hy volle beheer oor ons lewe neem. Dan maak elkeen wat wil 'n algehele oorgawe sodat Hy uitkoms gee vir die probleme waarmee ons worstel.**

**Jesus is die Antwoord vir elke probleem en behoefte, want dit is Hy wat vir my op die kruis gesterf en Sy bloed vir my gestort het. En nou is ek kind van God! Hy is nou met my, al die dae van my lewe! Van die begin tot die einde. Paulus skryf as volg hieroor: *"...omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus"* (Fil. 1:6).**

**Lees die woorde van die volgende lied, gaan op jou knieë en praat met Jesus:**



**I Surrender (Shelley Grewar)**

**With every thought**
**And every word**
**With every breath**
**and all that I am**
**I want to love You**
**as long as I live**
**For You are my God**
**I surrender, I surrender all**

**With every step**
**And every plan**
**With everything**
**that's in my heart**
**I want to serve You**
**as long as I live**
**For You are my King**
**I surrender**
**I surrender all**

**All my life**
**And all my needs**
**All my ways**
**and all my deeds**
**I want to follow**
**You every day**
**For You are my Lord**
**I surrender**
**I surrender all**

**All my life**
**And all my needs**
**All my ways and all my deeds**
**I want to follow You every day**
**For You are my Lord**
**I surrender**
**I surrender all!**

***© Dr. JJ Venter***

## Gebed Nooi God Binne

*Calvyn herinner ons daaraan dat gebed nie net 'n ingesteldheid is nie, maar ook 'n daad.*

*Gebed is 'n daad waardeur ons ons lewe oopsluit vir God om binne te kom - om Hom toe te laat om ons harde harte sag te maak en ons in staat te stel om die verfrissende stortvloed van Sy genade te ervaar...*

*Gebed beteken om tyd te maak dat God, die Kunstenaar, ons kan herskep; dat Hy met ons kan speel; dat Hy soos 'n kunstenaar met ons lewe kan werk - besig om daardeur 'n beeld te skep, of om te skilder, of om musiek te komponeer.*

*Hierdeur maak Hy van elkeen van ons niks anders nie as 'n outentieke kunstenaar - in die meeste gevalle "digters" wat liries raak oor wat God doen! Dáárom het ons dit só nodig om kort-kort te bid!*
*[Op God se Spoor, Willie van Rooyen, LUX VERBI.BM, Wellington, 2000].*

# Wat 'n Vriend het Ons in Jesus

*"Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê"* (Johannes 15:13).

Joseph Scriven, 'n Ier (1819-1896), was 25 jaar oud, verlief en het op trou gestaan. In 1845, 'n dag voor sy troue, het sy verloofde in 'n tragiese ongeluk verdrink. 'n Gebroke Joseph het besluit om 'n nuwe lewe in Kanada te begin. Daar het hy weer verlief geraak en het op trou gestaan toe die meisie skielik longontsteking kry en sterf.

In 1855, terwyl hy by 'n vriend, James Sackville, gebly het, ontvang hy die nuus uit Ierland dat sy moeder ernstig siek is. Hy skryf 'n gedig, "Bid sonder ophou," om haar te bemoedig. Jy mag dit dalk herken:

*Wat 'n Vriend het ons in Jesus*
*Hy wat in ons plek wil staan;*
*Wat 'n voorreg om gedurig*
*tot Gods troon deur Hom te gaan!*
*Hoe verbeur ons tog die vrede,*
*ag, hoe dikwels ly ons smart,*
*net omdat ons nie ons node*
*uitstort in Gods Vaderhart.*

Byna 30 jaar later besoek een van sy vriende 'n ernstige siek Scriven. In sy kamer ontdek hy Scriven se gedigte, insluitende 'n kopie van die een wat hy aan sy ma gestuur het. Die gevolg van die besoek was dat Scriven se gedigte in 'n bundel, *Hymns and Other Verses,* gepubliseer is.

Kort daarna komponeer Charles C Converse 'n melodie vir een van die gedigte wat ons vandag ken as *"Wat 'n Vriend het ons in Jesus".*

Joseph Scriven het ware tragedies in sy leeftyd beleef. Hy is nooit getroud nie, en in sy latere jare was hy baie alleen, sy gesondheid swak, sy finansies karig en hy het soms aan depressie gely. Tog kon hy met oortuiging skryf: "Wat 'n voorreg om gedurig tot Gods troon deur Hom te gaan!" Hy het geweet dat God vrede kan skenk aan diegene wat Hom soek.

Instede daarvan om mismoedig te word wanneer ons versoekings of probleme beleef, is Scriven se raad dat ons dit eerder deur gebed na die Here toe moet neem.

Onthou vandag dat Jesus jou Vriend is. Neem al jou probleme na Hom, maak nie saak hoe groot of onoorkomelik dit vir jou lyk nie. Praat met Hom. Spandeer tyd met Hom. Hy het jou so lief dat Hy vir jou gesterf het!

Gebed: Here Jesus, dankie dat U my Vriend is. Help my om U elke dag nog beter te leer ken en U beter te dien. Dankie dat U ook vir my gesterf het. Amen.

*- Xanthe Hancox*
*Vers-'n-Dag, 30 Julie 2014*

# GORENG O LETLELELWE MO LEGODIMONG?

## (Why must you be let into Heaven?)



**DIKAKANYO**

Nako e nngwe baefangedi ba na le go botsa batho dipotso tse di thata. Ba go botsa mme ba re: "Fa o ka tlhokafala gompieno o ka bula matlho kae?" Gape ba botsa ba re:" Fa o goroga kwa lebating la kwa legodimong mme modisa a go botsa goreng a go letlelele o ka re goreng a go bulelele?" Ba bangwe ba botsa ba re: "Fa o goroga kwa Legodimong mme Moengele Gaboriele a go botsa goreng a go bulele o tla reng?"

Batho ba na le go araba ka mekgwa e e farologaneng. Ba re ke badile Beibele ya me. Ke tsene kereke Sontaga e nngwe le e nngwe. Ke ne ke rapele letsatsi le letsatsi. Ke ne ke sa dire dibe. Ke ne ke thusa bahumanegi. Ke ne ke le mogogi kwa kerekeng. Ke ne ke le moeteledipele wa bomme kwa kerekeng. Kgwedi le kgwedi ke abetse kabelo ya me ya lesome.

Wena o ne o ka araba jang? Fa e le gore karabo ya gago o e simolola ka go re: "Nna ke..." kgotsa "Ke ne ke ..." o mo mathateng. Ga o ye go letlelelwa kwa Legodimong. Fa o akanya gore o tla letlelelwa kwa Legodimong ka ntlha ya se wena o se dirileng ga o ise o tlhaloganya Efangedi ya Beibele. Ga o tlhaloganye gore go diragetseng mo sefapaanong. Akanya fela legodu le le ne le bapotswe mo thoko ga Jesu. Ene o bolokilwe jang? Jesu a ne a mo raya gore o tla nna le nna kwa Parateising gompieno. A ba a raya Jesu a re: "Morena, o nkgopole motlhang o tsenang mo bogosing jwa gago." Jesu a mo raya a re: "Ammaaruri ke go raya ke re: Kajeno o tla nna le nna mo Parateiseng" (Luka 23:43).

Re ka se direle poloko ya rona ka ditiro. Re ka se direle pholoso ya rona ka ditiro. Re bolokwa ke se Modimo a se dirileng. Re pholoswa ke se Jesu a se dirileng mo sefapaanong. Leano la Modimo go re fa pholoso ke se Jesu a se dirileng mo sefapaanong. O ka se direle pholoso e. Pholoso e ke neo kgotsa mpho mo badumeding. Wena o ka dumela fela mme o ka direla Modimo ka lerato le ka tebogo fela. Go na le pharologano e kgolo go direla sengwe gore o kgone go se amogela le go direla sengwe ka o setse o se amogetse. Fa o direla Modimo kgotsa kereke go amogela pholoso ga o se o tlhaloganya Efangedi ya Jesu Keresete. Ditiro tsa ga Jesu mo sefapaanong ke tsone di go bolokileng.

Buisa Johane 3:16 gape. "Gonne Modimo o ratile lefatshe mo go kalo, mo o bileng wa le neela Morwaaona yo o tsetsweng a le esi, gore mongwe le mongwe yo o dumelang mo go ene a se ka a latlhega, mme a nne le bophelo jo bo sa khutleng." Ga re bolokwe ka ntlha ya ditiro tsa rona mme re bolokwa ka ntlha ya ditiro tsa ga Jesu. Wena ga o sepe. Jesu ke Ene Morena! Se ke sone Efangedi ya Pholoso. O ka se reke pholoso ka kabelo ya lesome le ka ditiro le ka go tsena kereke. Dilo tse tsotlhe di tla ka ntlha ya tebogo ka ntlha ya lorato ka se Jesu a se dirileng.

**DITEMANA**

Sesupo sa thata ya Modimo e e dirileng mo go ba ba neng ba sule ka ditlolo le maleo. Le lona o lo tshedisitse ba lo neng lo sule ka ditlolo tsa lona le maleo a lo kileng lwa bo lo tsamaya mo go ona ka fa mokgweng wa lefatshe leno, jaaka mong wa loapi a laola, e bong mowa o le jaanong o dirang mo bathong ba ba sa utlweng, ba le rona rotlhe re kileng ra bo re tsamaya nabo mo dikeletsong tsa nama ya rona, re dira tse di ratwang ke nama le maikutlo, mme re le bana ba bogale ka fa tlhagong fela jaaka ba bangwe. Mme Modimo o o humileng boutlwelobotlhoko ka ntlha ya lorato lo logolo lwa ona lo o re ratileng ka lone, le fa re ne re sule ka ditlolo, o ne wa re phedisa le Keresete kana lo pholositswe ka boitshwarelo! Wa re tsosa nae, wa re nnisa nae mo legodimong go nna mo go ene Keresete Jesu, gore mo metlheng e e tlang o tle o bonatse khumo e kgolo mo go fetisang ya boitshwarelo jwa ona mo go rona ka bopelontle jo bo mo go Keresete Jesu; gonne lo pholositswe ka boitshwarelo ka tumelo; mme ga go tswe mo go lona, ke neo ya Modimo. Ga se ka ditiro, gore go se nne ope yo o ipokang. Gonne re tiro ya ona, re tlholetswe ditiro tse di molemo mo go Keresete Jesu, tse Modimo o di etleeditseng pele gore re tsamae mo go tsona. (Baefeso 2:1-11).



*Johan Zerwick*
*Sêlê ke 083 458 3837*

**THAPELO**

Ntate wa rona re leboga ka o ile wa re neela Morwaa Jesu yo o tsetsweng a le esi, gore mongwe le mongwe wa rona yo o dumelang mo go ene a se ka a latlhega, mme a nne le bophelo jo bo sa khutleng. Re thuse re kgone go tlhaloganya se le go amogela se. AMEN.

Reetsa Youtube:
https://youtu.be/GDl8euKhd3U?si=W3zjEoM_TorQXNmT

# OOMBLIKKE VAN LEWENSUIWERING

As 'n mens in die engtes van die lewe beland is jy die mees ontvanklike leerling. U ken dit uit die praktyk van die lewe.

Toe jy vreesvervuld was vir die toets wat jy op skool moes skryf, het jy die werk wat jy moes leer die gouste onder die knie gekry.

Toe jy as vrou bang was vir die kritiek wat jou baksel kon ontlok, het jy die resep wat jy getoets het die gouste laat slaag.

Toe jy as man 'n nuweling was in jou betrekking met die gevaar dat jy jou werk kon verloor, het jy jou opgelegde taak die gouste bemeester.

Ons ken almal daardie hol kol op die maag, die sweet wat in ons hande uitslaan, daardie bewerige lamheid in die bene, daardie speekselloosheid van die tong.

Ons was almal al bang, vreesbevange, tot die dood toe benoud. En ek weet dat dit in daardie oomblikke was dat my ontvanklikheid die beste en my brein in die hoogste rat was.

Dit is ook 'n predikant se ondervinding: Hy wat na geen raad wou luister nie, staan met ontvanklike gemoed voor jou as sy vrou hom wil verlaat. Sy wat in eiewysheid haar kop gevolg het, aanvaar elke stukkie advies as haar kinders in lewensverwildering begin verdwaal. Die mens wat in onafhanklikheid geleef het, drink trooswoorde op sy siekbed in soos sand water absorbeer. Daarom is die engtes van die lewe dikwels die bergpaadjies wat ons lei na die kruin vanwaar ons 'n uitsig oor die oop valleie en breë velde kan kry.

Beproewing is dikwels die leerskool waar ons onderrig word om suksesvolle en voorspoedige dae met dankbaarheid te ontvang. Hartseer en smart is dikwels die bril wat ons in staat stel om weer die gawes van vreugde en blydskap te sien en ervaar.

Dit is wat die Psalmdigter by ons wil tuisbring wanneer hy in Ps. 119:71 sê: *"Dit is goed vir my dat ek verdruk was, sodat ek U insettinge sou leer."* In sy verdrukking het hy geleer, vinniger en beter as wat hy onder normale omstandighede sou leer. In sy beproewing het hy genade ondervind, suiwerder en mooier as wat hy dit in enige ander situasie sou ondervind.

Deur sy trane heen het hy God raakgesien, duideliker en nader as wat hy Hom ooit gesien het toe hy van vreugde gelag het. Hoe moeilik dit ook al vir ons as gelowiges is om lewensbeproewings so te ervaar, is dit inderdaad wat die Woord van God ons wil leer.

Beproewing *is* vir ons wat glo, oomblikke van lewensuiwering.

Beproewing *is* vir ons wat glo, geleentheid tot aktiewe belewenis van God se genade.

Beproewing *is* vir ons wat glo, die kans wat ons kry om ons verleentheid vir God aan te bied as 'n geleentheid.

Beproewing skep vir my die moontlikheid om myself te verloën, afstand te doen van my kaart en transport, boedel oor te gee, afskeid te neem van my eie-ek, witvlag op te steek, en deur God geannekseer, beset en verower te word.

Eers ná die blindheid wat Paulus op die pad na Damaskus ervaar het, was hy in staat om te vra: "Here, wat wil *U* hê moet ek doen?"

Eers nadat Petrus in die nag bitterlik geween het oor sy verloëning van Christus, was hy in staat om by die see van Tibérias te sê: "Here, U weet dat ek U liefhet."

Eers nadat ons deur beproewing kaalgestroop is van alle valse gerustheid, selfversekerdheid, hoogheidswaan en opstandigheid, sal ons werklik in staat wees om die lote van die Wynstok, die bruid van die Bruidegom, die diensknegte van die Koning, die boustene van die Fondament en die Christenvolgelinge van Christus te wees.

*[REËLS VAN DIE LEWENSPEL, GJ Hugo, Daan Retief Uitgewers,1981].*

# ONS WONDERLIKE BYBEL

"Met die Heilige Gees as my Gids, het ek die wonderlike tempel van die Christendom binnegetree.

Ek het deur die portaal van Genesis ingegaan en deur die kunsgalery van die Ou Testament gewandel waar die skilderye van Noag, Abraham, Moses, Jakob, Josef en Daniël aan die mure gehang het.

Vandaar het ek gegaan na die musiekkamer van die Psalms en geluister na die melodievolle harp van Dawid, die soet sanger van Israel. Ek het die kamer van die Prediker binnegetree waar ek na sy sonore stem geluister het, en daarna in die kamer van Hooglied, waar die soete geure van die Lelie van die Dale kwistig versprei word.

Deur die besigheidskamer van Spreuke het ek gewandel na die sterrewag van die Profete, waar ek verkykers van verskillende grootte en formaat gesien het, gestel op ver-af gebeurtenisse, maar almal saamgetrek op die Helder Môrester wat oor die maanverligte heuwels van Judea sou verrys tot ons verlossing!

Daarna het ek die ontvangskamer van die Koning van die konings binnegetree en 'n gesig gekry van Sy heerlikheid vanuit die standpunte van Mattheüs, Markus, Lukas en Johannes en vandaar gegaan na die Handelinge van die apostels, waar die Heilige Gees Sy werk verrig het i.v.m. die vorming en bevestiging van die jonge Kerk.

Daarna het ek vanuit die korrespondensiekamer waar Paulus, Petrus, Jakobus en Johannes besig was om hulle briewe te skrywe, ingestap in die troonkamer van Openbaring waar glansende spitse hulle hemelhoog verhef het, en by die aanskoue van die Koning op Sy troon - in al Sy heerlikheid - het ek neergeval en Hom AANBID! Want aan HOM kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in allle ewigheid."

Met hierdie treffende woorde het 'n Amerikaanse prediker eenmaal sy geestelike wandelinge deur die blaaie van die Bybelboek beskrywe.
*- Oorgeneem*

# God is die Groot Ontfermer

*"Hy bewys ontferminge van geslag tot geslag aan die wat Hom eer"* (Lukas 1:52).

As God nie barmhartig was nie, waar sou ons gewees het! As ons elke dag moet kry wat ons regtig verdien, wat sal van ons word? In die loflied van Maria word God se groot ontferming besing.

God het 'n hart wat vermurme teenoor 'n sondaarmens. Daar klop 'n hart vol ontferming vir ons. Daarom kry ons nie wat ons as sondaars regtig verdien nie, maar ontvang ons genade, vergifnis en liefde vanuit God se groot barmhartigheid.

Wie in hierdie barmhartigheid wil deel, moet egter daar wees waar God dit beskikbaar stel. Dit is vir hulle wat Hom eer - hulle wat Hom erken, dien, liefhet en aanbid - as Here God. Wie só voor God te staan kom, sal bewus word van Sy toegeneentheid en liefdevolle ontferminge jeens 'n sondaarmens.

Anders as ons, is God se ontferminge nie tydelik nie, maar van geslag tot geslag vir die wat Hom bly liefhê en dien. Wat meer is, God se ontferming is baie meer as net 'n gevoel van simpatie. God se ontferming het Vlees geword. Jesus Christus is die sigbare Bewys van God se ontferminge teenoor ons. Kan u nog twyfel of God dit met u goed bedoel?

Gebed: "Here, ek leef alleen vanuit U groot ontferming!"

*[KYK, SO WERK DIE HERE! NC Ackermann, Daan Retief Uitgewers, 1983].*

# GEE EN WEN

Die seuntjie - wie se naam ons nie eers ken nie - het soos 'n wenner gedink toe hy sy kossies vir die Here Jesus gegee het. Hy het vir Hom alles wat hy gehad het, gegee en geglo dat Hy vir hom sou sorg. Dalk moes hy eers 'n innerlike stryd voer voordat hy bereid was om dit wat hy gehad het, prys te gee. Stel u voor wat die omstandighede daardie dag was.

Andreas, 'n volwasse man, staan voor hierdie klein seuntjie - dalk die enigste onder 5 000 mense wat iets by hom het om te eet. Hy is honger - net soos al die ander om hom. Hy is dalk nog baie hongerder as baie van die ander, want klein seuntjes word gouer honger as grootmense.

Dan sê die vreemde man, Andreas, vir hom: "Sal jy asseblief vir my jou kos gee?"
"Ja, jy wil dit seker net so graag hê soos al die ander mense hier," het hy dalk geantwoord.
"Nee, ek wil dit nie self eet nie," verduidelik Andreas.
"Ek wil dit vir Jesus gaan gee."
Dáár lê die groot verskil. Maar dalk het die stryd nie heeltemal daar al opgehou nie, want dit is maar net menslik om aan ons besittings vas te klou.

Toe is die innerlike stryd van die kind verby en hy sit sy kossies in Andreas se hande. Hy voel selfs verlig toe hy sien hoe Jesus dit by hom neem. Daardie optrede van hom, die prysgawe van wat hy gehad het, wys vir ons dat die seuntjie soos 'n wenner begin dink het. Hy waag dit om alles wat hy het, vir die Here te gee omdat hy glo dat hy nie sal verloor of misluk nie.

Hy het waarskynlik nie eens geweet wat sy geloofsdaad werklik sou beteken nie, maar ondanks sy onkunde het hy tog daardeur uitvoering gegee aan 'n beginsel wat Jesus later verduidelik het: *"Want as 'n mens sy lewe vir homself wil behou, sal hy dit verloor. Maar as 'n mens bereid is om sy lewe prys te gee ter wille van My, sal hy dit behou"* (Matt. 16:25 LB).

U KAN NIKS VERLOOR NIE

Mense wat hulle lewens volkome vir Jesus gegee het, mág nie soos verloorders dink nie. Alles wat hulle het, behoort aan die Here, dus hét hulle niks meer wat hulle kan verloor nie. Alles wat met hulle gebeur, gebeur ten goede. *"Ons weet dat God alles wat gebeur, laat saamwerk tot ons voordeel as ons Hom liefhet, want God het ons geroep omdat Hy vooraf so besluit het"* (Rom. 8:28).



Jesus belowe om vir ons te sorg en ons te seën as ons ons volkome aan Hom onderwerp, ons lewens vir Hom gee: *"Jesus antwoord: 'Glo nou wat Ek vir julle sê: daar is niemand wat iets prysgegee het ter wille van My en ter wille van die evangelie - of dit nou sy huis of sy broers en susters of sy pa en ma of kinders of grond is - wat nie honderd maal soveel sal ontvang nie. Hy sal nou, in die tyd waarin ons leef, huise en broers en susters en moeders en kinders en grond ontvang, maar hy sal ook vervolg word. Maar in die nuwe tyd wat voorlê, sal hy die ewige lewe ontvang"* (Markus 10: 29-30 LB).
[JY KAN WEN! Roger F Campbell, VG Uitgewers, Springs].

# *Gee ons 'n Rein Hart*

*"Gee ons 'n rein hart,*
*sodat ons U kan sien.*
*'n Nederige hart,*
*sodat ons U kan hoor.*
*'n Hart vol liefde,*
*sodat ons U kan dien.*
*'n Hart vol geloof,*
*sodat ons U karakter-*
*eienskappe kan uitleef..."*

*- Dag Hammarskjöld*

Die gebed van 'n hart wat aan God toegewy is, is om Hom al beter te leer ken, en om al hoe meer met Sy liefde gevul te word.

Dié wat voor God verskyn met skoon hande en 'n rein hart, sal geseën word, want hulle sal God sien (Matt. 5:8; Ps. 24:3-4).

Namate ons 'n pad saam met God stap, word ons hart gereinig en vorm Sy heiligheid nie meer 'n skeidsmuur tussen ons nie.

Wanneer ons hart nederig is, is ons ontvanklik vir die fluistering van Sy Woord, omdat ons nie meer op ons eie wil en begeertes aandring nie.

Ons rus in die wete dat Hy weet wat die beste vir ons is, en daarom wag ons geduldig om te hoor wat Hy sê, eerder as om voort te storm en blindelings ons eie kop te volg.

Om God doeltreffend te dien - op só 'n manier dat Hy dit goedkeur - moet ons hart vol liefde wees. Hy wil hê dat ons Hom moet gehoorsaam omdat ons Hom liefhet, nie uit dwang of omdat ons bang is dat ons gestraf sal word nie.

As Sy liefde in ons hart toeneem, sal dít wat ons vir Hom doen, ook in waarde toeneem. Dan kan ons meer doeltreffend in Sy diens staan, omdat liefde in ons harte klop.

Deur gebed vernuwe God ons hart, vul dit met die vrug van die Heilige Gees, en versterk Hy ons om 'n lewe te lei wat in alle opsigte vir Hom aanneemlik is!
*Uit: Gebede en Oordenkings, Christian Art Gifts, 2003.*



# SUNDAR SINGH EN DIE KOUE NAG...

***Sundar Singh was 'n bekende figuur in die Oosters-Ortodokse Kerk. Van hom word die volgende ware verhaal vertel:***
Singh en een van sy volgelinge was eenkeer op reis deur 'n onherbergsame, sneeubedekte winterlandskap. Half verkluim en feitlik aan die einde van hul kragte het hulle voortgestrompel teen die snerpende stormwind in, toe Singh oor 'n voorwerp in die voetpaadjie struikel. Hy sien dat dit 'n man is wat daar lê - bewusteloos en yskoud.

"Ons sal hom moet saamneem," sê hy vir sy metgesel. "Die man sal binne ure sterf as ons hom hier laat lê en eers hulp uitstuur wanneer ons ons bestemming bereik het."

"Maar jy is gek," antwoord sy reismaat vererg. "Hy is 'n dooie gewig. As ons twee hom moet dra, gaan dit ons só uitput en vertraag dat ons langs die pad sal omkom! Hy is in elk geval byna dood. Ek loop nou. As jy jou lewe wil waag vir iemand wat jy nie eens ken nie, is dit jou saak."

Toe stap hy vinnig en kwaad daar weg. Singh het die bewustelose man sukkelend op sy skouers gelaai en met hom teen die stormwind in voortgebeur.

Sy metgesel wat alleen verder geloop het, het nooit sy bestemming bereik nie. Iewers langs die pad het hy ineengestort en van die koue gesterf.

Sundar Singh het met uiterste kraginspanning die einde van sy pad bereik en kon die bewustelose man net betyds by 'n dokter kry.

Later het hy vertel die enigste rede waarom hy oorleef het, was dat hy hom liggaamlik so geweldig moes inspan om die ander man te dra. Die inspanning het sy liggaamstemperatuur laat styg en daarom het hy nie verkluim nie. Sy onselfsugtige daad was sy behoud!

In die omgewing waar Sundar Singh gewoon het, het in later jare 'n spreekwoord ontstaan: Mense wat net met hulself besig is, gaan dood van geestelike verkluiming.

*[Uit: Stories vir die Lewe Omnibus, Piet Naudé, Lux Verbi. 2002].*

*"Watter waarde het jou liefde vir God, jou godsdiens, as jy nie kans sien om die voorwerp van dié liefde, jou naaste, in jou arms vas te druk nie?"*
*- Antoine de Saint-Exupéry*

## NO TIME

I knelt to pray, but not for long,
I had too much to do;
Must hurry off and get to work,
For bills would soon be due.

And so I said a hurried prayer,
Jumped up from off my knees;
My Christian duty now was done,
My soul could be at ease.

All through the day I had no time
To speak a word of cheer,
No time to speak of Christ to friends
They'd laugh at me, I feared.

No time, no time, too much to do
That was my constant cry;
No time to give to those in need
At last it was time to die.

And when before the Lord I came,
I stood with downcast eyes,
Within His Hands He held a Book,
It was the "Book of Life".

God looked into His Book and said,
"Your name I cannot find,
I once was going to write it down,
But never found the time."

# Lééf Waarheid en Liefde!

Daar word vandag dikwels oor sake soos waarheid en liefde gepraat. Oor die realisering van dié twee begrippe in ons moderne samelewing bestaan egter vrae omdat dit nie altyd sigbaar is nie.

Almal, van politici tot verkoopsmanne, verswyg of ignoreer dikwels gerieflikheidshalwe dinge wat hulle nie pas nie en gebruik kartetse woorde om eie posisies of produkte te bevorder. Só het geloofwaardigheid en integriteit rare eienskappe geword. Daarom is dit nie vreemd dat ons deesdae die eed moet aflê om te bevestig dat ons die waarheid praat nie.

En wat van liefde? Ons wêreld is vol terme wat deel uitmaak van die liefdestaal. Ons sien en hoor hulle in gewilde liedjies, op groetekaartjies, uit die monde van media-konsultante en in romans. Ja, ons word van alle kante oorval deur woorde wat ons laat dink aan idilliese verhoudings en wonderlike emosies. Ware en opregte liefde is egter maar skaars en daarom is dinge soos om onselfsugtig te gee, om te deel en selfs te sterf as dit nodig is, ook skaars. Dít is egter die komponente van ware liefde. Ons hunker almal daarna om liefde te gee en te ontvang, maar ons sien maar weinig voorbeelde van ware onbaatsugtige liefde, dit wil sê 'n onselfsugtige liefde wat die belange van ander bevorder.

Christus het gekom om inhoud te gee aan begrippe en waardes, die teenoorgestelde van selfgesentreerdheid en valsheid. Hy is immers die beliggaming van waarheid en liefde. Daarom moet almal wat Hom aanvaar het, ook hierdie ideale nastreef. Hulle moet die waarheid lééf en in opregte liefde teenoor mekaar optree. Dit is die Christen wat weer die regte perspektief op liefde moet bring deur sy optrede.

Die tweede Johannes-brief bring eerstehandse kennis van liefde en waarheid. Johannes en die Johannes-gemeentes was só diep onder die indruk van hierdie dinge, dat die temas van liefde en waarheid wat só noodsaaklik is vir die Christen en die Christelike lewe, deurlopend in al die Johannese boeke voorkom (die Johannes-Evangelie, die briewe, asook Openbaring). Twee Johannes, die brief wat aan 'n sustergemeente geskryf is, is geen uitsondering op die reël nie. Daarin lees ons dat die lesers die waarheid moet volg en aan God gehoorsaam moet wees (vgl. 2 Joh. 4), op hulle hoede moet wees vir vals leraars (2 Joh. 7) en God en mekaar moet liefhê (2 Joh. 6).
'n Mens lees hierdie briefie binne 'n paar minute deur, maar die boodskap wat daaruit spreek, bly jou die res van jou lewe by!

Kom ons lees hierdie verse met verwagting soos die eerste lesers en besluit dan opnuut om in waarheid, liefde en gehoorsaamheid vír God te leef. *- Bybel in Praktyk, CUM, 1993, Red. W Vosloo en FJ van Rensburg*

Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom: F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

Pick n Pay
Van der Hoffpark Potchefstroom
Inspired by you
7 Days a Week!
Monday - Sunday
07:00 - 19:30
Tel: 018 290 6131


# EEN KOPPIE KOFFIE MAAK 'N VERSKIL

Gerjo-Ben vd Merwe

My broer het vir my hierdie wonderlike storie gestuur:

I sat with my friend in a coffee shop in a neighbouring town of Venice (Italy), the "city of water and lights".

As we enjoyed our coffee, a man entered and sat at an empty table beside us. He called the waiter and placed his order saying: 'Two cups of coffee, one of them there on the wall.'

We heard this order with interest and observed that he was served with one cup of coffee but he paid for two.

As soon as he left, the waiter pasted a piece of paper on the wall saying 'One Cup of Coffee'.

While we were still there, two other men entered and ordered three cups of coffee, two on the table and one on the wall. They had two cups of coffee but paid for three and left. This time also, the waiter did the same; he pasted a piece of paper on the wall saying: 'One Cup of Coffee'.

It was something unique and perplexing for us. We finished our coffee, paid the bill and left.

After a few days, we had a chance to go to this coffee shop again. While we were enjoying our coffee, a poorly dressed man entered the shop.

As he seated himself, he looked at the wall and said: 'One cup of coffee from the wall'.

The waiter served coffee to this man with the customary respect. The man had his coffee and left without paying.

We were amazed to watch all this, as the waiter took off a piece of paper from the wall and threw it in the dustbin.

Now it was no surprise for us - the matter was clear. The great respect for the needy shown by inhabitants of this town made our eyes well up in tears.

Ponder the need of what this man wanted... He enters the coffee shop without having to lower his self-esteem... he has no need to ask for a free cup of coffee... without asking or knowing about the one who is giving this cup of coffee to him. He only looked at the wall, placed an order for himself, enjoyed his coffee, and left.

...This is probably the most beautiful wall you may have seen anywhere!



Dié eienaar van die restaurant verstaan iets van omgee. Hy verstaan van swaarkry en van mense wie se selfbeeld en hele wese op die grond sleep. Hy wil help. Hy wil 'n verskil maak.

Jy sien - hy het sy toets deeglik deurstaan. Sy roeping, om 'n verskil te maak, suksesvol uitgeleef - met koffie. Hy is 'n voorbeeld vir ons almal.

Net soos Timoteus. Selfs vir Paulus en daarom praat hy met lof van hom: *"Maar julle ken sy beproefdheid, dat hy, soos 'n kind teenoor sy vader, saam met my in die evangelie gedien het"* (Fil. 2:22).

Die vraag is dan natuurlik of óns elke dag die toets deurstaan. Maak ons 'n verskil in ander se lewens?

Gebed:
Ons VADER in die hemel, U is goed, U deel genade en "koffie" die hele tyd uit. Baie keer gebruik U mense soos ek. Maak asseblief my oë oop. Ek wil ook daarmee help. Maak my hande los. Laat my voete in die regte rigting loop. Amen.

# Listening to the Father's Heart...

My child, having an impact on others is never about knowing Scripture or sharing information about Me or My Son. Converts are not to be viewed as a game of numbers to be achieved. It is about living your life through the power of My Spirit in all you do and with all people you meet.

My sons and daughters often think they can persuade others into a faith decision. My son Paul learned that this was not what changed others. ***"And my speech and my preaching were not with persuasive words of human wisdom, but in demonstration of the Spirit and of power, that your faith should not be in the wisdom of men but in the power of God"*** (1 Corinthians 2:4-5).

People are searching for authenticity today. I made you to be such a person. As you walk in love and power and live your life in My Presence, you will impact others for Me. Abide in Me, my child, and you will see fruit from your life.

People want to know if you really care about them, above all else.

***"For I have given you an example, that you should do as I have done to you"*** (John 13:15).

***"If you know these things, blessed are you if you do them"*** (John 13:17).

My child, sharing truth with others without relationship leads to rejection. All my sons and daughters are wired for relationship. If you try to share My truth before a trusting relationship is established, you may find your message rejected. This includes your own children.

And remember that discipline without relationship leads to anger.

People want to know that you care more than know what you know. They want friendship and connection. They long for unconditional acceptance and to be valued.

These needs are ultimately met by Me alone, but I am calling you to be a carrier of My affection. Always choose people over projects. You will always have your projects; but you may not always have those close relationships.

***"So, affectionately longing for you, we were well pleased to impart to you not only the Gospel of God, but also our own lives, because you had become dear to us"*** (1 Thess. 2:8).



*Os Hillman*

***"I thank my God upon every remembrance of you, always in every prayer of mine making request for you all with joy, for your fellowship in the Gospel from the first day until now, being confident of this very thing, that He who has begun a good work in you will complete it until the day of Jesus Christ"*** (Phil. 3:3-6).

# Encounter God's Heart... Alone with Jesus

*"The next morning, Jesus got up long before daylight, left the house while it was dark, and made His way to a secluded place to give Himself to prayer" (Mark 1:35, The Passion Translation).*

*Our relationship with the Lord should take precedence over all. Prayer must be more than a religious duty. As people who understand our need for Jesus, our alone time with Him is a necessity we should cling to. We recognize that when we're in tune with Him, we become the best version of ourselves. In the quiet of His Presence, His peace drowns out confusion. As we meditate on His Word, we're flooded with wisdom and revelation.*

*When we acknowledge the stirring in our spirits to pray for someone or something, our intercession changes things. With songs of worship, we pour out love and encounter His. Each day, let's do whatever it takes to seek the Lord's Face. Let's lavish Him with our devotion and wait for His fire to fall upon our hearts.*

*Prayer: Jesus, when busyness feels like it's cluttering my life, give me grace to stop and find Your Presence. My desire is to stay close to You at all times and set time aside to be alone with You. I need You, and I'll do whatever is necessary to adjust my life and keep time with You a priority.*

*[From: "Ever Present Love" written by Brian Simmons and Gretchen Rodriguez]*



# TEARS OF LOVE

***"Jesus wept."*** **In spite of knowing well that He deliberately intended to wait until it was "too late", in human terms, Jesus wept at the sight of the ravishing effects of grief and loss (John 11:1-45).**

**He deeply loved Lazarus and his sisters. Bystanders and, most of all, Martha and Mary, most certainly had this burning question in their hearts: Why did He not come to heal Lazarus? We sent for Him in all haste, but it's too late now!**

**Beloved, know that His intentions with us are love-drenched, divinely purposed for our good. Yes, from our human perspective, we doubt, we question, and, alas, we sometimes rage at God for not preventing the dreadful tragedy that broke our hearts and turned the landscape of our lives into turmoil, never to be the same again.**

**The curious mourners attending the death of Lazarus straggled behind when Jesus asked to be shown the grave. Seeing tears streaming down His face, they whispered in awe, *"See how He loved him!"* It was for their sake and countless millions yet to come - that they may believe and be saved!**

**That's how much Jesus loves you too. A loving God Who gave His only-begotten Son to save and reconcile humanity to Him does not also harbour spite and malice. The divine wrath of God toward sin (not toward man) was poured out on Jesus. *"For God presented Jesus as the sacrifice for sin. People are made right with God when they believe that Jesus sacrificed His life, shedding His blood... He was looking ahead and including them in what He would do in this present time..."* (Romans 3:25,26).**

**God has always deeply longed for and desired children to call His Own. That is why He dealt with sin in the harsh way of Calvary. He had to do away with this contaminating agent, sin, and its damning consequences for eternity. In order to ensure that the idea of sin would never again enter heaven, He had to deal mercilessly with sin in order to save those He so dearly loved since the beginning of creation.**

**We are now no longer required to bring sacrifices of blood to appease God's wrath toward sin. He yearns to receive your sacrifice of praise, your worshipful commitment even with tears streaming down your face because of the brokenness we live in.**

**May our hearts ever beat in deepest gratitude for such a wonderful, loving Saviour! He was looking forward to seeing you seated at the marriage feast of the Lamb!**



*Helen du Plessis*
*Cell: 083 332 0895*

Dit is nie die rekenkunde van ons gebede - hoe baie hulle is;
òf die retoriek van ons gebede - hoe vloeiend hulle is;
òf die geometrie van ons gebede - hoe lank hulle is;
òf die musiek van ons gebede - hoe mooi ons stemme klink;
òf die logika van ons gebede - hoe beredeneerd hulle is;
òf die metodiek van ons gebede - hoe georden hulle is;
òf selfs die teologie van ons gebede - hoe goed die belydenis daarvan wat vir God belangrik is nie.

HY IS EINTLIK NET GEÏNTERESSEERD IN ONS KINDERLIKE OPREGTHEID.

- Moody Monthly; Op God se Spoor, Willie van Rooyen, LUX VERBI.BM, Wellington, 2000.

# WANNEER GOD MENSE LAAT LAG...

Ek het aan Nabucco, ons babahond, se twee pap ore sit en dink toe iets soos 'n orkaan die motor in daardie donkermaannag gryp en heen en weer begin slinger: gruis toe, teerpad toe, gruis toe, teerpad toe. Iets soos 'n groot klip het teen die onderstel bly slaan; soos 'n versteende toeskouer het ek gesien hoe die hoofligte dán die pad, dán die gruis, weer die pad, weer die gruis en soms ook die plaasheiningpale iewers naby my verlig.

Die motor, het ek besef, beur heeltyd na links; met 'n gestamp en 'n laaste geklap van wie weet wat het dit tot stilstand gekom.

Ek het stuk vir stuk uitgeklim; my ledemate het vergeet waarvoor hulle oorspronklik ontwerp is. In die donker het ek aan die linkervoorwiel gaan voel en rubbertoiings raakgevat. Dis dan hoe dit voel wanneer 'n voorwiel se band bars, het ek deurmekaar gedink. G'n wonder hulle sê dis so gevaarlik nie.

Ek het die bagasiebak oopgemaak, gekyk of daar iewers 'n maan skyn, myself verwens dat ek die rit sonder flits of vuurhoutjie aangepak het, die domkrag uitgewoel en die boek vol wenke en kaarte uit die motor gehaal. In die flou lig van die bagasiebak-lampie het ek probeer vasstel hoe 'n vrou 'n wiel behoort te vervang.

Ek kon geen kop of stert uit die aanwysings uitmaak nie. Toe hurk ek op die gruis en vat my kop tussen my hande en maak 'n geluid tussen lag en huil; 'n weeklaglag; 'n selfbespottende snik, 'n woedende, bitter geluid. “Dis nie reg nie, Here!” lag-huil ek. “Dis onregverdig en aaklig van U! Hier sit ek vrou-alleen in die gopse - ek het gebid vir beskerming en U laat my in die middel van die nag in die steek!”

Iewers op die tolpad was daar 'n noodtelefoon. Ek skakel en vra aan 'n naamlose, vaak mens of ek stadig met 'n gebarste band kan aanry na die motorhawe waarvan ek die liggies op die horion sien skyn.

“Doen dit maar,” sê die vaak stem. “Hulle sal jou daar kan help. Skakel net jou ‘hazard lights' aan.” En daar gaan ek teen twintig kilometer per uur met die motor wat na links bly beur. Dit voel soos 'n rit op die rug van 'n kameel: die ene knoppe en stampe.

“Die voorste band het gebars,” kondig ek aan toe ek eindelik in die ligkol by die brandstoftenks inry. “Is dit moontlik om die noodwiel...”

Toe maak een van die petroljoggies 'n geluid: “Dis nie net die voorwiel nie, Mevrou. Die linker agterband het ook gebars!” Om 'n lang storie kort te maak: 'n skerp voorwerp op die pad moes die voorste band getref en sy verwoestingsvlug na die agterwiel toe voortgesit het. Dit waaroor ek woedend en bitter in die donker gelag het, was 'n wonderwerk; dit was hemelse bewaring; dit was 'n lewe wat gespaar is. Dit was 'n magtige Hand wat 'n motor vasgegryp het toe 'n vrou dit nie langer kon bestuur of beheer nie.

Ja, ek lag weer... maar hierdie keer klink dit soos 'n loflied! ... Wanneer jy agterkom jy het toe nie verniet geglo nie...

*[En daar het Stilte gekom, Maretha Maartens, CUM, 1994].*



# DOEN WAT IN DIE BYBEL STAAN ~ NIE SOOS DIE RYK MAN EN SY 5 BROERS NIE

**Lukas 16:31**

**“Nee, jy's verkeerd,”het Abraham vinnig geantwoord. As hulle hulle nie aan God se Woord steur nie, sal niks anders hulle oortuig nie, nie eens iemand wat uit die hemel daar by hulle opdaag nie.”**

Die ryk man het hom op aarde nie aan Jesus gesteur nie. Gevolglik het hy 'n lewe gelei wat net om homself gedraai het. Hy het nie ander mense liefgehad en vir hulle omgegee soos die Bybel leer nie. Hy het hom nie gesteur aan die arme Lasarus se groot nood en armoede nie. Lasarus was baie arm en het nie kos gehad om te eet nie.

Ná sy dood bevind die ryk man hom in die hel. Dis vir hom baie sleg en erg. Hy smeek om genade vir sy broers wat nog almal lewe - blykbaar ook so liefdeloos soos hy. Hy sal enigiets doen om hulle die hel te spaar. Hy probeer reël dat daar 'n wonderwerk moet gebeur sodat Lasarus, wat reeds dood is, hulle kan gaan waarsku.

Abraham praat met die ryk man en verduidelik vir hom dat niks méér belangrik is as die Woord van die Here nie - dit is die Bybel! Mense moet die Woord hoor, na die Woord luister en doen wat daarin staan. As die Bybel nie jou lewe verander nie, sal niks anders nie - nie eers 'n wonderwerk nie!
Dis baie belangrik dat jy dit sal weet en so sal leef. In die Bybel leer ons wie God werklik is. In die Bybel lees ons van God se liefde vir ons. In die Bybel leer God jou dat jy Sy liefde teenoor ander mense moet uitleef. Sy hele verlossingsplan en pad na oorvloedige lewe en geestelike groei is in die Bybel neergeskryf. Jy het niks méér nodig nie. Dis belangrik dat jy dit wat in die Bybel staan, sal gehoorsaam en sal uitleef!

***Gebed:***
*Here, dankie vir die Bybel. Dis 'n kosbare Boek waarin U wys Wie U werklik is. Maak my gehoorsaam aan U Woord.*

***Uitdaging...***
*Is die Bybel die belangrikste Boek in jou lewe? Maak jy genoeg tyd om die Bybel te lees?*

[101 DAE MET JESUS, Johan & Helena Smith CUM, 2010].

# BE MORE THAN A CONQUEROR!

### GROWING IN GODLINESS

Jesus warned us that in this world we would experience persecution (John 16:33). The apostle Paul tells us that we are to endure these trials with faith and patience, knowing that it is for the Kingdom of God that we suffer. We are also to intercede and pray for other believers and look expectantly for the return and vindication of Jesus Christ.

■ **Endure** persecution with faith and patience.
■ **Be willing** to face persecution, knowing that your suffering is for the Kingdom of God.
■ **Know** that God will punish those who persecute you (2 Thess.1:4-8).
■ **Follow** Paul's example of prayer and intercession for those being persecuted in the Church.
■ **Pray** that they would fulfil all of the good purposes of God for them and that Jesus would be glorified through them (2 Thess. 1:11, 12).

### CULTIVATING DYNAMIC DEVOTION

In the midst of suffering and persecution, it is imperative that our devotion to Jesus Christ is strong, growing in faith, and securely rooted in the love of God our Father.

Seek to know God. Pursue an ever-deepening relationship with Jesus, so that when you face opposition, you will be able to stand.

■ **Understand** that rich, growing faith in God and an abundance of love for others is the kind of devotion needed to endure suffering (2 Thess. 1:3).
■ **Receive** from Jesus Christ and God our Father love, eternal comfort, and good hope by grace (2 Thess. 2:16).
■ **Pray** that God would direct the devotion of your heart into a deepening love for Him (2 Thess. 3:5).

### PURSUING HOLINESS

In our pursuit of holiness, we must pursue two things: the Holy Spirit and knowing the Bible, the Word of Truth.

Spend time daily in the Bible. Respond to what you read with obedience. Welcome the Holy Spirit and His sanctifying, cleansing, and transforming work in your life daily.

■ **Read** and **obey** the Bible. **Welcome** the work of the Holy Spirit. God chose you for salvation in Jesus Christ.

Through the Holy Spirit and belief in the truth, God works His sanctification in and through you (2 Thess. 2:13).

### THE WALK OF FAITH

Walking by faith involves loving and holding fast to the Truth, the Bible. As we place our faith in truth, know the truth, and exercise the discernment that comes from the Holy Spirit, we will be able to recognize the true works of God.

■ **Be discerning,** understanding that Satan can imitate signs and wonders. Through the Spirit and the truth of the Scriptures, you will be able to discern and affirm true signs and wonders done for the glory of God (2 Thess. 2:9, 10).

■ **Stand faithfully, holding firmly** to the truth of God's Word, the Bible (2 Thess. 2:15).
■ **Pray** for leaders, that God would use them powerfully and effectively to preach the Gospel.
■ **Pray** for their protection and the protection of their families from those who oppose their faith in Jesus Christ (2 Thess. 3:1, 2).

*[NEW SPIRIT-FILLED LIFE BIBLE, NKJV, Thomas Nelson Bibles, 2002].*

## Mary Moffat

Toe Mary Moffat (1795 - 1870) Engeland verlaat het, was sy 'n klein, fyn vroutjie wat bekend was vir haar skugterheid en tenger bou. Maar ná 50 jaar as pionier en sendeling saam met haar man, Robert, in Kuruman, Suid-Afrika, het sy die skoene van 'n moeder met krag en deernis volgestaan.
Hoewel sy 'n buitelander en vreemdeling was onder die mense van die toenmalige Betsjoeanaland, het hulle "Ma Mary", soos hulle haar genoem het, as stammoeder beskou. Sy was die toonbeeld van liefde-in-aksie en het mense van elke stam onder haar vlerk geneem en versorg.
Sy het 3 swart kinders gered deur te keer dat hulle lewend begrawe word en hulle daarna aangeneem, terwyl sy reeds 10 kinders van haar eie gehad het.
Toe daar 'n instroming van nuwe sendelinge na Suid-Afrika was, het sy die rol van moeder aangeneem en gehelp waar sy kon in tye van siekte, kos en ander voorrade voorsien, en bowenal raad, bemoediging en liefde gegee.
Gedurende die Moffats se eerste 12 jaar op Kuruman het hul evangelisasiepoging in dié gebied hopeloos gelyk. In plaas van ontvanklike harte en nuuskierige vrae het hulle veel bespotting, minagting en kritiek verduur. Hulle het dit gelate aanvaar dat die Betsjoeanas voortdurend hulle oeste, skape, gereedskap en selfs die brood uit hulle oond gesteel het. Maar toe daar in 1829 herlewing onder die mense begin posvat het, het die hele dorp verander. Buiten die ontsaglike groot taak wat Robert op hom geneem het om die Bybel in Setswana te vertaal, het hy ook begin om die mans alles wat hy geweet het, te leer - van tuinmaak tot houtwerk en selfs hoe om te lees. Intussen het Mary die vroue geleer hoe om hul kinders se siektes te behandel, hul gesinne se eetgewoontes te verbeter, hul eie klere te maak, en selfs om kerse te maak sodat hulle in die aand lig kon hê.
Robert Moffat was verantwoordelik vir die eerste Bybels in Afrikatale, maar Mary was die krag agter elke vertaalde woord. "Jy sal nooit toelaat dat ons moed verloor nie" het Robert op 'n keer vir sy vrou gesê. "Jy het ons al keer op keer uit wanhoop en vertwyfeling gered met jou moedigheid en onoorwinlike geloof." En met haar tenger lyfie het sy geantwoord: **"Miskien is dit omdat ek so swak en bang is dat ek weet ek het geen krag uit myself nie. Ek moet eenvoudig op God vertrou, anders sal ek sterf."**
*- Geesvervulde Lewe Bybel, Struik Christelike Boeke, 2007.*

Jer. 20:11
★★★ B&B
Uit die Hand van die HEER
KLERKSDORP
BETER PRYSE VIR HOSPITAALBESOEKERS
Skakel "Alte-Welkom"
082 492 2299
018 468 1921
altewelkom@telkomsa.net
www.altewelkom.com

